Ouderdom: Voorskools – Graad 6
Tema: Pannekoek Bestanddele

KINDERKRANS – PANNEKOEK DAG

Basiese Pannekoek resep:

2 eiers 2½ K water	-	Klits goed Voeg 1 k hiervan by eiers
½ K olie 25 ml asyn	-	Voeg by eiermengsel
2 k koekmeel ½ t koeksoda ½ t sout	-	Voeg om die beurt by die res van die water by eiermengsel
2 t bakpoeier	-	Klits laaste by net voordat dit gebak word.

DOEL VAN LES

Om deur middel van die pannekoek en al die afsonderlike bestanddele daarvan en hulle nut in die pannekoek deeg, elke kind op te skerp tot al die belangrike fasette van ons Christenskap.

INLEIDING;

Die reuk van kaneel assosieer ons altyd met pannekoek. Selfs reënerige dae laat ons aan pannekoek dink.
Net so is daar sekere dinge in mense se lewens wat jy assosieer met Christenskap.
Kom ons kyk wat kan ons met betrekking tot ‘n pannekoek leer van ons eie lewens as Christene.

AANBIEDING:

Laat die kinders die verskillende bestanddele van pannekoek opnoem en probeer vasstel wat die funksie van daardie bestanddeel in die deeg is. Trek dit deur na ons Christenskap.

1. **EIERS -** Dit **bind** die ander bestanddele **saam** sodat die pannekoek ‘n **eenheid** in die pan vorm en nie verbrokkel nie. So is ons **betrokkenheid by** ander en ons **meelewendheid in** die gemeente, ons deel in ons medegelowiges se lief en leed, dié bestanddeel wat van ons as gemeente ‘n **eenheid** maak.

2. **MEEL -** Dit is die **hoofbestanddeel** - sonder meel is dit nie pannekoek nie, dalk net roereiers of iets. Meel gee pannekoek sy ware **identiteit.** Net so is ons **verbondenheid aan Christus** die één groot ding wat van ons Christene maak. Ander mense aanbid vir Allah of Buddha, dit maak van hulle Hindoes of Moslems of Boeddhiste. Maar ons is Christene want ons aanbid Christus, die Lewende God.

3. **WATER - Dit** gee die **regte dikte** aan die pannekoek deeg. Te min water maak die deeg dik (soos vetkoek deeg) en te veel water maak dit te slap (soos melkkos of iets). So word al die fasette van ons Christenskap mooi **vermeng** deur ons **persoonlike verhouding met Jesus -** ons Bybel lees en Bid. As ons daagliks ons verhouding met Jesus beoefen, maak dit van ons 'n tipiese kind van Hom. As ons dit nalaat dan is ons naaste diens, voorbeeldige lewe, goeie werke, sondebesef en dié soort dinge alles net los goed wat nog nie mooi vermeng is tot 'n regte kind van God nie.

4**.** **OLIE -** Dit keer dat die pannekoek **vasbrand** aan die pan. Net so werk die **sondebelydenis.** Die gelowiges wat kan erken as hulle verkeerd was, of stout was, neem al die wrywing weg tussen hulle en ander mense. Maar mense sit baie gou vas met ander mense wat dink hulle, en net hulle alleen, is altyd reg en kan niks verkeerds doen nie.

5. **BAKPOEIER** - Pannekoek sonder bakpoeier is t**aai** en **toegeslaan**. Bakpoeier maak pannekoek lekker lig en sag. Net so werk ons Christene se **lofprysing.** Dit bring 'n ligtheid in ons lewe. 'n Kind van God wat weet hoe om sy hart voor die Here uit te stort in dank- en lofprysing, is 'n gelukkige, vrolike Christen, sonder 'n lang gesig of 'n bedrukte hart.

6**.** **HITTE:** 'n Rou pannekoek is "**jiggie**", en sonder hitte ……!
Geloof is die Christen se vuur / hitte. Dit is dié kwaliteit van ons Christenskap waarsonder al die ander deugde tot niks kom nie. Wil jy 'n "jiggie" - Christen wees?

7. **KANEELSUIKER** - Die **smaak!** 'n Pannekoek sonder kaneelsuiker is maar 'n vaal een! Wat van een net met kaneel, of net met suiker?
So werk ons **liefde vir God** en ons **liefde vir mekaar,** saam soos kaneel en suiker – dit gee smaak aan die hele lewe!

SAMEVATTING

Onthou nou volgende keer as jy 'n pannekoek eet, dat jy ook so 'n Christen moet wees. En niemand wil tog graag 'n flop pannekoek wees nie!

Laat dan jou **meedoen** in die gemeente, jou **vashou** aan Christus, jou **stiltetyd,** jou **sondebelydenis**, jou **lofprysing** en **danksegging**, jou **geloof** en jou **liefde** van jou 'n volmaakte, geurige aangename boodskap van God aan die wêreld om jou wees.

Oorgeneem uit: JKJA Oos-Kaap